STELLENBOSCH

STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK

MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

OPROEP OM BENOEMINGS

MUNISIPALE ADVIESPANEEL OOR EERBEWYSE EN MEDALJES

Stellenbosch Munisipaliteit

Die Stellenbosch Munisipaliteit vra hiermee om openbare benoemings vir aanstelling in die **Munisipale Adviespaneel oor Eerbewyse en Medaljes** kragtens die **Stellenbosch Munisipale Verordening oor Eerbewyse, 2025**.

Doel van die Adviespaneel

Die Munisipale Adviespaneel oor Eerbewyse en Medaljes lewer advies aan die Uitvoerende Burgemeester oor die **toekenning, herroeping of herstel van munisipale eerbewyse en medaljes** wat deur die Munisipaliteit toegeken word. Die paneel speel 'n belangrike rol daarin om te verseker dat munisipale eerbewyse op billike, deursigtige en waardige wyse aan individue of organisasies, wat buitengewone diens of prestasie gelewer het, toegeken word.

Samestelling van die paneel

Kragtens die verordening kan die Adviespaneel bestaan uit:

- tot en met **vyf (5) raadslede**, wat in die breë verteenwoordigend van die Munisipale Raad is; en
- tot en met **vyf (5) lede van die publiek**, wat hoog aangeskrewe en in die breë verteenwoordigend van die gemeenskappe van die Stellenbosch Munisipaliteit is.

Hierdie oproep is spesifiek gemik op benoemings van lede van die publiek om in die paneel te dien.

Geskiktheidskriteria

Benoemdes moet:

- persone met **sterk integriteit** wees **en moet goeie aansien en agting in die gemeenskap geniet**;
- in die breë verteenwoordigend van die gemeenskappe in die Stellenbosch munisipale gebied wees;
- **kennis en ervaring van, of belangstelling in burgerlike erkenning, erfenis, gemeenskapsontwikkeling, die kunste, kultuur, sport, openbare diens of maatskaplike bydrae** demonstreer;
- bereid wees om onpartydig te dien en die waardigheid en aansien van munisipale eerbewyse te handhaaf; en
- nie enige belangebotsings hê wat die werk van die paneel kan kompromitteer nie.

Rolle en verantwoordelikhede

Lede van die Adviespaneel sal:

- benoemings vir munisipale eerbewyse en medaljes oorweeg en beoordeel;
- onafhanklike advies aan die Uitvoerende Burgemeester lewer ten opsigte van die **toekenning, herroeping of herstel van eerbewyse**;
- verseker dat aanbevelings strook met die kriteria en bepalings van die Munisipale Verordening oor Eerbewyse; en
- vergaderings wat deur die Uitvoerende Burgemeester saamgeroep word, soos nodig bywoon.

Benoemingsvereistes

Benoemings moet die volgende insluit:

1. Ingevulde benoemingsvorm (op die munisipale webwerf, of by Donovan.Muller@stellenbosch.gov.za beskikbaar)
2. 'n **Beweegrede wat die geskiktheid van die benoemde uiteensit**
3. 'n **Kort curriculum vitae** van die benoemde (maksimum 3 bladsye)
4. Skriftelike **aanvaarding van die benoeming** deur die benoemde
5. Kontakbesonderhede van die benoemde

Indiening van benoemings

Ingevulde benoemingsvorms moet ingedien word by:

Die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester
Stellenbosch Munisipaliteit
Posbus 17, Stellenbosch, 7600
Epos: Donovan.Muller@stellenbosch.gov.za
Tel: 021 808 8314

Sluitingsdatum

Alle benoemings moet op **of voor 15 Mei 2026 om 16:30NM** ontvang word.
Laat of onvolledige benoemings sal nie oorweeg word nie.

Navrae

Vir navrae oor die benoemingsproses, kontak gerus die onderstaande:
Donovan Muller: Donovan.Muller@stellenbosch.gov.za of 021 808 8314

gear GA4151

Die **Stellenbosch Munisipaliteit** moedig benoemings aan wat die **diversiteit en rykheid van sy gemeenskappe** weerspieël, met inbegrip van mense uit verskillende sektore, agtergronde en gebiede binne die munisipale gebied.